
# Hoofstuk van die dag: Job 7

> *Waarom het U my u teiken gemaak? Waarom moet ek vir U ’n las wees? (vers 20b)*

Job wend hom nou tot God, die Een wat, so glo hy, vir sy ellende verantwoordelik is. Hy vra niks van God nie, as dat Hy hom moet uitlos (vers 16) sodat die tyd wat hy nog oor het, sonder pyn sal wees. Maar terwyl hy wil hê God moet hom

uitlos, is dit juis na God wat hy draai.
Toe hy met God begin praat, kan hy homself nie keer nie. Hy raak sarkasties (vers 17-19). Boonop peper Hy God met waarom-vrae (vers 20-21). En – God laat hom toe om sy hart uit te praat (of dalk sy mond uit te spoel). Want Job het hierdie ontlading nodig gehad. Dit was die begin van sy genesing.
Terloops, waarom-vrae bring 'n mens nie juis ver nie, en soos Job hier uitvind, kry jy nie eintlik 'n antwoord op dié soort vrae nie. Want die antwoord op ons vrae lê anderkant ons verstaan, soos Job ook nie geweet het van die gesprek tussen God en Satan nie. 'n Beter vraag om te vra is eerder: "Hoe?" Hoe kom jy deur jou krisis. Dáármee wil en kan God jou help, deur sy Gees.

---




# Hoofstuk van die dag: Job 6

> *Besin julle, moenie dat daar onreg geskied nie, besin julle, my saak is reg. (vers 29)*

Miskien het jy ook al oor Job se volgehoue weiering om te erken dat hy skuldig is aan iets, gewonder. Ons glo tog dat almal van ons gesondig het en dat dit ons aan die heerlikheid van God ontbreek (Rom 3:23). Die enigste mens wat sonder enige sonde was, is die Here Jesus.
Job sê egter nie hy is sonder sonde nie; hy sê hy leef in die regte verhouding met God. Hy sê hy is 'n regverdige, dus. In die woorde van God self: hy was 'n vroom en opregte man. Dít was sy verweer teen sy vriende se aannames oor sy teenspoed. Hy het niks aan die onvanpaste raad van sy vriende nie. Dit is vir hom soos smaaklose kos wat hom nie troos nie (vers 6,7). Buitendien was hulle besoek blote pligpleging, en nie uit opregte medelye nie (vers 14,15).
Job se pleidooi is dat sy vriende hóm sal raaksien en sy woorde ernstig sal opneem (vers 28). Dít is uiteindelik die grootste behoefte by mense wat swaarkry. Nie goedkoop troos of misplaaste preke nie, maar opregte meelewing. Dís wat ons ons naaste skuld (vgl Rom 13:8).

---



# Hoofstuk van die dag: Job 5

> *Wat ’n dwaas geoes het, word deur honger mense opgeëet; hulle haal dit uit selfs waar dit tussen die dorings weggepak is. (vers 5)*

In sy oorywer om Job te leer, begin Elifas nou beledigend raak. Hy sinspeel daarop dat Job soos ’n dwaas optree. Later speel hy ook direk in Satan se hand deur te sê dat as Job maar net sy sonde bely (wat hy nie gepleeg het nie) en na God terugkeer, God vir hom mildelik sal voorsien (vers 24-26). Hy moedig Job aan om hom tot God te wend vir die voordele wat dit

vir hom kan bring (vgl weer 1:9-11).

In ons goedbedoelde (maar dikwels eiegeregtige, selfsugtige of ondeurdagte) preke vir ander loop ons die gevaar om soos Elifas medewerkers van Satan te word, omdat ons nie God se plan verstaan of genoeg inligting het om selfversekerd (vers 27) te kan verklaar dat ons die feite in pag het nie. Selfs Petrus het hom hieraan skuldig gemaak (Matt 16:23), waaroor Jesus hom ernstig berispe het: “Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My ’n struikelblok, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense.”

Geen wonder nie dat Jakobus die tong ’n wêreld vol ongeregtigheid noem (Jak 3:6)!

---


- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep
  - Jaco Thom
  - My boeke
  - Privaatheidsbeleid
  - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting

    - Bankbesonderhede
- Boekwinkel
- Soek

# Hoofstuk van die dag: Job 4

> *Sal dit jou vermoei as iemand met jou redeneer? Ek kan nie stilbly nie. (vers 2)*

Die eerste probleem met Elifas se “ondersteuning” van Job was dat hy vir Job preek, sonder om hom in Job se situasie te probeer indink. Sy woorde kom van buite, en hy redeneer vanuit ’n teoretiese verstaan van lyding. Soos iemand opgemerk het: “Dis ’n leunstoel-teologie.” Dit kom nie op uit ’n persoonlike ervaring van lyding en worsteling nie.
Met die redenasies van Job se vriende is die probleem dat baie van wat hulle sê, waar is, maar baie van wat hulle sê, is gewoon onwaar, soos dat ’n goeie en onskuldige mens nooit ly nie (vers 7); dat lyding altyd die gevolg van sonde in jou lewe is (vers 8); en dat Job se lyding God se straf is oor iets wat hy gedoen het (vers 9).
Dis ’n versoeking om simplistiese afleidings oor ander te maak en dan goedkoop raad of vermanings uit te deel. Dis dalk goed bedoel, maar dit help nie die een wat ly nie; inteendeel. Dit laat hom of haar net nóg meer wroeg. Alles wat Elifas gesê het, was beskuldigend, en het boonop impliseer dat Job se kinders dood is omdat God hulle gestraf het.

---

- Tuisblad

# Hoofstuk van die dag: Job 3

*Toe het Job begin praat en sy geboortedag vervloek. (vers 1)*

In hoofstuk 1 en 2 lees ons Job se verhaal en hoe die ellende op hom neergedaal het. Alles wat vir hom lief en dierbaar was, is van hom weggeneem – sy kinders, sy besittings, sy gesondheid. Dit word alles in prosa vertel. Maar hier, waar Job begin praat, is dit ’n diepgrondige gedig waarin hy die warboel van sy gemoed probeer verwoord.
Interessant dat sy eerste woorde nie ’n teologiese antwoord op sy krisis probeer gee nie. Hy probeer nie die skuld op God pak nie. Hy probeer nie sin aan sy lyding gee nie. Dié aspekte sal

alles later in sy gesprekke met sy vriende aan die beurt kom. Vir die vriende was dit verstommend. Die aanvaarde teologie van hulle tyd (en selfs vandag nog) was tog duidelik: Job se skuld voor God het hom ingehaal, en hy kry sy verdiende loon (vgl Joh 9:2).

Job het dié soort redenasie geken, maar hy distansieer homself daarvan. Niks maak vir hom sin nie. Sy verstaan van die lewe is eenvoudig omvergewerp. Was hy maar dood, dan hoef hy dit nie te probeer verstaan nie.

In só ’n krisis help vriende se vermanings of simplistiese antwoorde nie; net matelose empatie.

---


- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video’s en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …
    - Jaco se Bybelkoerant
    - Die Bybelkoerant-konsep
    - Jaco Thom
    - My boeke
    - Privaatheidsbeleid
    - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
    - Bankbesonderhede

# Hoofstuk van die dag: Job 2

> *Toe die hemelwesens weer op 'n dag voor die Here kom staan, het die Satan ook tussen hulle voor die Here kom staan. (vers 1)*

Dit is vreemd om te lees hoe vryelik die Satan in die hemel toegang tot God het (vers 1, vgl 1:6).“Satan” is hier 'n titel, nie 'n naam nie. Klaarblyklik was hy oorspronklik deel van die engelevergadering. Elders in die Ou Testament verskyn hy ook in die hemel, o.a. in Sag 3:1-2. “Satan” beteken teenstander, en van die begin af het hy hom daarvoor beywer om die goeie skepping van God te vernietig, soos ons in Gen 3 lees.
Ons ken hom as die duiwel, ook genoem Lucifer (nav Jes 14:12 ev).
In die Nuwe Testament lees ons baie van hom as die groot teëstander van Christus en van gelowiges, maar hy het nie meer vrye toegang tot die hemel nie. Die rede daarvoor is dat hy ná Christus se oorwinning op Golgota uit die hemel uitgeskop is (Op 12:7-9).
Omdat hy nie meer toegang tot God het om gelowiges aan te kla nie, spits hy hom nou toe op gelowiges self. Ons is egter nie weerloos teen sy lis nie (Ef 6:10-18), en eendag sal hy vir goed weg wees (Op 20:10).

## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword

- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming

## Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026